7 AUG 2022

# TORINGKERK NUUS

SONDAG EREDIENS | PSALM 73



## COME HOME

Jesus told the story of the Prodigal son to make a simple point:
never mind what you've done,

just come home.

(UNKA GLEN)

# KWARTAAL REEKS: VREUGDEVOL VRY

Die Reformasie van 500 jaar gelede word beskryf as 'n vyfhoekige tafel. Hierdie vyf pote is die pilare wat die hele tafel stewig en regop hou. "Sola" beteken "alleen". As Gereformeerdes gaan ons hierdie vyf "solas" vier en verdiep in God se Woord met daaglikse Bybelstudie materiaal.

Die reeks het verlede Sondag afgeskop. Weens die langnaweek, druk ons eers *'pause'* op die reeks en sal weer vanaf volgende Sondag (14 Aug) voort gaan met die tweede tema: *Sola Fide* (Net Geloof). Daar sal dus ook geen Vorm & Volg (Kleingroepmateriaal) hierdie week beskikbaar wees nie.

***Kontak die kerkkantoor om jou boekie op te tel!***







# DIEP & VÊR PAKKIES

### BAIE DANKIE VIR JOU BYDRAE!

Baie, baie dankie aan elkeen wat 'n Checkers-sak volgemaak het met kos-items. Ons is ook so dankbaar vir avo's en brood wat as addisionele kositem geskenk is vir die kospakkie.

Hierdie kospakkies is hierdie week opgetel deur Network for Christ, wie dan seker maak dat die gesinne aan wie hulle dienste lewer, wat dit hierdie maand die nodigste het, dit ontvang.

Ons is diep dankbaar om 'n gemeente te wees wat geseënd is om ook te kan deel wat ons het. Mag ons altyd uitkyk vir ons medemens, en mekaar hoop bring, al is dit op hierdie klein manier.

# PAARL HOSPITAAL BERADING

Toringkerk is ongelooflik opgewonde om betrokke te raak by Paarl Hospitaal se beradingsbediening!

**Hoe werk dit?** Paarl Hospitaal het 'n klein kantoortjie wat spesifiek vir beradingssessies uitgesit word. Gemeentelede kry die geleentheid om hulle tyd te gee (bv. 2 ure 'n week, soos dit jou pas), om berading te bied aan pasiënte van Paarl Hospitaal.

**Wie kan deelneem?** Enige persoon wat in 'n beroep staan (of afgetredenes) met beradingsagtergrond. Indien jy geen opleiding in berading het nie, is die Sinode bereid om vir jou 'n beurs aan te bied om wel 'n kursus in hierdie rigting aanlyn te loop.

***Kontak asb vir Janneke vir meer inligting.***



BID • SIEN • DEEL

TORINGKERK

# MARKIETIE

## 2&3 SEPTEMBER 2022

**TORINGKERK, PAARL**


VRYDAG 17:00 - LAAT

SATERDAG 9:00 – 14:00 & FUN RUN

8:00 BY OTTERKUIL

**KOS STALLETJIES, MUSIEK,**

BASAAR LEKKERTE & MOOIGOED



# MARKIETIE: TOMBOLA-TAFEL

Hierdie naweek is langnaweek! 'n Perfekte tyd om bietjie deur die kinders se ou speelgoed te gaan en al die Wimpy, McDonald's, Burger King en Kinderjoy speelgoed (en ook enige ander speelgoed) kerk toe te bring vir die Markietie Tombola tafel!

***Ons mik om 'n 1 000 items in te samel!***

As jy sukkel om gedurende werkstye die speelgoed by die kerk te kom aflaai, kontak ons asb! Ons sal dit met liefde sommer by jou huis kom optel.

Kontak gerus vir Amanda (0834618674) of Janneke (0828316165) om 'n optel-reëling te tref. Alternatiewelik kan jy die speelgoed ook Sondae na die erediens bring.






# MARKIETIE: WIT OLIFANTE

Is daar dalk 'n meubelstuk, bord, potjie of boardgame wat jy nie meer gebruik nie? Ons maak weer gereed vir 'n lekker opwindende Wit Olifante tafel by ons Markietie hierdie jaar!

Indien jy enige huishoudelike items het wat jy dink iemand anders graag nog sou kon gebruik in hulle huis, is jy welkom om hierdie items na die kerkkantoor te bring. Dit sal deel vorm van ons Wit Olifante tafel!

Laai jou items af by die Toringkerk kerkkantoor (tussen 9h-13h) voor 20 Aug. Jy is natuurlik ook baie welkom om die items na die erediens te bring op Sondae. Baie dankie!

# MARKIETIE: BASAARPOEDING

Ons is almal al goed bekend met Toringkerk se heerlike basaarpoeding! Die basaarpoeding tafel is al goed aan die beplan en baie opgewonde vir die Markietie feesvieringe!

**Hoe kan jy help?**

- Ons benodig skenings/borge vir die volgende items: Vla, Ideal melk en kondensmelk
- Die Sondag voor Markietie (28 Aug) gaan ons roomysbakke in die kerk neersit. Indien jy bereid is om 'n poeding te bak, kan jy dan 'n leë bak neem en dit vol maak.

***Kontak gerus vir Tannie Elize of Annelize vir meer inligting!***



# HOE WERK ZAPPER

HIER IS JOU STAP-VIR-STAP AANWYSINGS HOE OM HIERDIE 'ZAPPER' APP TE GEBRUIK...

## 01 BESOEK DIE 'PLAY STORE' OF 'ISTORE' OP JOU SELFOON




Besoek die 'Play Store' (Android) of 'iStore' (iPhone) app op jou selfoon. Kliek daarop.

## 02 TIK 'ZAPPER' IN BY DIE 'SEARCH' OPSIE



Kliek op die 'Search' knoppie en tik daar die volgende woord in "Zapper". Dit vat jou dan na die volgende gedeelte.

## 03 LAAI DIE "ZAPPER-APP" AF (DIT IS VERNIET)



Kliek nou op die "Install" knoppie, sodra jy op die Zapper app se blad is. Hierdie app is verniet en sal jou nie 'n sent kos nie.

## 04 GAAN IN BY DIE APP EN KLIEK OP DIE "SCAN" KNOPPIE



Volg nou eers die stappe op jou foon om een van jou bankkaarte (gewoonlik jou kredietkaart) te koppel aan die app. Wanneer hierdie stappe voltooi is, sal hierdie bladsy verskyn. Kliek nou op die groot 'Scan' knoppie in die middel.

## 05 HOU JOU FOON SE KAMERA NABY DIE QR KODE



Jou foon sal nou automaties na jou kamera gaan. Hou jou foon naby genoeg dat die kamera die QR kode op die prentjie wat in die banke geplak is, kan skandeer. Kies hoeveel jy wil betaal en volg die nodige verdere stappe. En voila! Jy het sopas jou kollekte via Zapper betaal!

HET JY AL GEWONDER WAT IS DIE NUWE GROEN PAPIERTJIES WAT OPGEPLAK IS IN DIE KERKBANKE?

# FUNRUN + FUN(STAP)

Ons is so opgewonde om vir die eerste keer ooit 'n Markietie Funrun (+ Funstap) te hou die oggend van Markietie!

***Waar?*** Otterkuil (Agter Paarlberg aan Fairview se kant)
***Wanneer?*** 3 Sep (Saterdag)
***Hoe laat?*** 8h00
***Hoe vêr?*** 5km (R30) of 10km (R40)
***Hoe skryf ek in?*** Jy sal binnekort aanlyn kan kaartjies koop of selfs op die dag (kom net bietjie vroeër)

Stof solank daai draftekkies af en strek daai bene! Na die Funrun kan jy vir jou allerande lekkernye en koffie kom kry by die Markietie by die kerk. ***Wat 'n lekker Saterdag om na uit te sien!***





# RUSOORD WINTERMARK - HEERLIKE JAFFELS!

Kom geniet 'n heerlike vars, tuisgemaakde Jaffel by Rusoord vir slegs R20!

**Wanneer:** 12 Aug (Vrydag)
**Hoe laat:** 11:00
**Waar:** Rusoord, Devinestraat 4, Paarl

Plaas jou bestellings by Nadia teen Maandag 8 Augustus:

**Kontak:** 021 870 1020
**Epos:** rusoord.fsm@geratecza.com

# PLASTIEKDOPPIES

Hierdie is sommer 'n herinnering om nie te vergeet om al jou plastiekdoppies te hou en te versamel (voor jy dit weggooi)!

Aan die einde van die jaar neem ons al die plastiekdoppies na 'n organisasie wat hierdie doppies smelt, en daarmee plastiekprodukte maak. Hierdie produkte word dan verkoop (bv. hangers ens.) Met hierdie geld kan die organisasie rolstoele aankoop vir ons mede-mense wat nie dit op hulle eie sou kon bekostig nie.

Hierdie is seker een van die maklikste maniere om die aarde te versorg, asook om ons mede-mens te versorg! Dis uit en uit 'n wen-wen situasie! Kom gee jou plastiekdoppies by die kerk af, soos wat jy insamel deur die jaar!



# GRIEFSHARE

GriefShare is 'n kursus om persone te begelei in die reis tot genesing na die verlies van 'n geliefde. Die program trap deur onderwerpe van vertroosting, moeilike vrae en die ontdekking van nuwe hoop en geloof. Ons glo dat ons deel vorm van die liggaam van Christus en dat dit nie so bedoel is om alleen deur 'n rouproses te gaan nie. Die kursus bestaan uit dertien weeklikse byeenkomste vir twee ure en word herhaaldelik deur die jaar aangebied.

Die volgende kursus begin 15 Augustus 2022. Die kursus kos R200 (dit is slegs vir die werksboek en is onderhandelbaar).

***Kontak gerus vir Jana om in te skryf vir hierdie kursus.***






# GESPREKSAAND: DEPRESSIE

### - 'N VARS BENADERING OM HIERMEE TE LEEF.

Daar is so baie mense wie daagliks 'oorval' na die volgende dag en net oor-LEEF en glad nie meer be-LEEF nie. Elke tonnel waarin jy afdink is DONKER en niks is meer lekker nie. Om die *'toaster'* aan te sit is 'n *'effort'* en jy WEET jy is nog lief vir jou kind, maar jy VOEL dit bloot nie meer nie. DAAR IS HULP...jy hoef nie so op jou eie te suffer nie...Die dood, al voel dit soms na jou enigste uitweg, is nie nodig nie. Kom woon gerus hierdie gespreksaand by:

***Ds. Fanie Kriel | Strooidakkerk | 19h-20h***

***Gee 'n donasie vir wat dit vir jou beteken het.***

# FOSTER CONFERENCE

Die Foster Conference (Pleegsorg Konferensie) van 2022 is 'n een-daggeleentheid wat op 20 Augustus 2022 van 8:30-16:00 gehou word. Hierdie jaar se sal die geleentheid weer in-persoon wees, met die alternatiewe opsie van 'n aanlyn bywoning. Kaartjies vir die geleentheid sal mettertyd aanlyn beskikbaar wees.

Die sprekers vir hierdie geleentheid sluit in Najwa Taliep (Departement van Maatskaplike Ontwikkeling), Dr. Serahni Symington (kinder- en adolessente berader) en Quinton Adams (opvoedkundige sielkundige). Registrasies open op 29 Junie met kaartjies vanaf R 150. ***Kontak gerus kobie@kinculture.org (082 974 1825) of rpretorius@badisa.org.za (0823752966) met enige verdere vrae.***



# MARKIETIE: KINDER AREA

*Oh happy days!* Daar gaan weer 'n lekker Kinderarea wees by die Markietie hierdie jaar!

Daar gaan allerande lekker dinge wees om te doen en om mee te speel. Ons benodig wel nog die volgende, dalk kan jy help?

- Ons benodig x3 gewone plastiek-skopfietsies om te leen vir die Saterdag
- Ons benodig nog 'n paar mense om uit te help by die kinderarea (daar is skofte, so jy sal nie die hele oggend hoef te werk nie!)

***Kontak asb vir Janneke indien jy kan help!***







# IS JY NUUT?

Indien jy splinternuut is (of selfs nog net 'n bietjie nuut), wil ons vir jou sê: BAIE WELKOM!

Indien jy graag ons gemeente se aanlyn Eredienste, Nuusbriewe en ander belangrike kommunikasie per Whatsapp wil ontvang, doen asb die volgende:

- 'Save' asb die Toringkerk selfoonnommer op jou foon (084 621 2094) - maak seker jy 'save' die nommer!
- Stuur jou naam en van op Whatsapp na hierdie nommer
- Ons sal jou dan deel maak van ons kommmuniasie

Weereens baie werlkom!

### HENNIE EN RYNO NOOI JOU NA ONS MARKIETIE

# VLEISWERK-OGGEND

Die Markietie jag-span het reeds hul werk op die jagveld gedoen! Nou is dit ons beurt om ook moue op te rol en hande vuil te maak (letterlik) om te help om die vleis te bewerk!

Ons benodig hande om te kom help patties druk vir ons heerlike Hamburgers vir Markietie!

**Wanneer:** 20 Aug (Saterdag)
**Hoe laat:** 9h00
**Waar:** Kerk kombuis
**Bring saam:** 'n Skerp mes, houtbord, voorskoot en goeie gees!

***Kontak gerus vir Ryno vir meer inligting!***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# dagboek DIE DATUM




**31 JUL** NUWE REEKS BEGIN
Vreugdevol Vry | 09:30



**10 AUG** DEPRESSIE-PRAATJIE
Strooidakkerk | Fanie Kriel | 19:00



**15 AUG** GRIEFSHARE
Kontak vir Jana



**3 SEP** MARKIETIE FUNRUN
5km | 10km | 08:00



**2-3 SEP** MARKIETIE
Toringkerk



**21 OKT** WYNVEILING
Toringkerk

# GEMEENTERAAD

## WIL JY MEER BETROKKE RAAK BY DIE KERK - MAAR JY WEET NIE HOE NIE?

Raak deel van Toringkerk se Gemeenteraad span. Hierdie span is 'n groep mense wat een keer per maand bymekaar kom om te droom en te bid oor die gemeente. Elkeen op die span bring 'n sekere persoonlikheid en gawes na die tafel, wat hierdie gemeente broodnodig het.

Jy hoef nie te wag dat iemand jou moet nomineer nie. Steek sommer self jou hand op as jy voel dat die Here jou roep om op hierdie manier die gemeente te dien.

***Kontak vir Annelie by die kantoor of direk vir Dawfre vir meer inligting. Ons sien uit om jou deel van die span te hê!***

# KERKKANTOOR GESLUIT

Die kerkkantoor sal op Maandag en Dinsdag (8 en 9 Aug) gesluit wees.



# KALENDER BORG

Ons is baie dankbaar vir Go Mzanzi en Weblicity wat ons Augustus-maand blad in ons kalender geborg het.

Besoek gerus hul webtuiste by ***www.weblicity.co.za*** en ***www.gomzanzi.com*** of besoek hulle op Facebook, Instagram of LinkedIn onder die handelsmerk @gomzanzi.

# DEURKOLLEKTE - HOSPITAALBEARBEIDING

'n Samewerkingsooreenkoms is met HospiVision (NGO), gesluit wat sedert 1999 in die hospitale van Pretoria leiding neem in die spirituele en emosionele versorging van pasiënte, hulle families en personeel.

# BAIE GELUK

## MET JOU VERJAARSDAG!

7 AUG ELSA JONKER
7 AUG KOBUS KRAMER
7 AUG BARBARA SMIT
7 AUG KOBUS SMIT
8 AUG JOYCE GÜSE
8 AUG CAITLYN LE ROUX
8 AUG MARELIZE VAN NIEKERK
8 AUG JEANETTE VILJOEN
8 AUG KOBUS VISSER
8 AUG CASPER VORSTER

9 AUG JOY CUPIDO
9 AUG AMY GERMISHUYS
9 AUG LYNN JOUBERT
9 AUG ANUSHKE MOLNAR
10 AUG JACKIE BUTLER
10 AUG SUMIEN ROUX
10 AUG MARIANNE THERON
10 AUG MICHAELE VAN DEN HEEVER
10 AUG CARA VAN NIEKERK
11 AUG MARITA BATT

11 AUG ELSA FOURIE
11 AUG BARBARA STEYN
12 AUG JOHANNA BENECKHÉ
12 AUG ESTER CILLIERS
12 AUG LUKAS FOURIE
12 AUG PHILIP GERBER
12 AUG LEAH PIETERS
13 AUG GIEPIE BRANDT
13 AUG MARIËTTE NIEUWOUDT
13 AUG HENDRIK OLIVIER

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK ZAPPER

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.